SA-eDUC JOURNAL Volume 3, Number 1, pp. 23-30

Die Vergelykende Opvoedkunde-kurrikulum aan Suid-Afrikaanse universiteite: belewenis van studente

C.C. Wolhuter en R.F. Maarman
Fakulteit Opvoedingwetenskappe, Noordwes Universiteit, Potchefstroom Kampus
sooccw@puk.ac.za; soorfm@puk.ac.za

Abstract:
The Comparative Education curriculum at South African universities: students' experience.
Students' experience of Comparative Education was probed by means of questionnaires at two South African universities. The aim of the research was to determine how Education students at South African universities experience Comparative Education. Students find Comparative Education meaningful, which warrants a reconsideration of the persistent down-scaling of Comparative Education in teacher training programmes and in post-graduate education programmes. In drafting Comparative Education curricula, the focus should be shifted from area studies to thematic studies. For area studies, two criteria should be employed: national education systems, presenting an object lesson for the contemporary South African education project; and the hegemony in the current international order.

Probleemstelling

Met die wegbeweeg vanaf die "Ivoortoring"-model, is universiteite wêreldwyd onder toenemende druk om meer sensitief en verantwoordbaar te wees aan hulle kliënte; om meer verbruikersvriendelik te wees, nie slegs teenoor die samelewing nie, maar ook met betrekking tot studente. Die toekoms van die wetenskap Vergelykende Opvoedkunde word medebepaal deur die mate waarin studente Vergelykende Opvoedkunde-kursusse as sinvol beleef. Hedendaagse kurrikulumteorie skryf ook inspraak van studente voor by die ontwerp, ontwikkeling en evaluering van kurrikula (Ornstein& Hunkins, 1998:224; 346).

Die doel van dié navorsing is om te bepaal hoe studente aan Suid-Afrikaanse universiteite die vak Vergelykende Opvoedkunde beleef. Dit word gedoen nie net om reg te laat geskied aan wat in die vorige paragraaf vermeld is nie, maar ook omdat die toekoms van Vergelykende Opvoedkunde in Suid-Afrika (byvoorbeeld die werwing van magister- en doktorale studente) afhang van hoe studente die vak beleef. Die afwesigheid van 'n jong, opkomende generasie Vergelykende Opvoedkundiges is juis een van die knelpunte van die vak wat tans in Suid-Afrika ervaar word (Weeks, Herman, Maarman & Wolhuter, 2006:12).

In die artikel word eerstens 'n kontekstuele agtergrond (bestaande uit 'n bespreking van die sin van Vergelykende Opvoedkunde), gevolg deur die situasie aan Suid-Afrikaanse universiteite) verskaf. Dit word gevolg deur 'n uiteensetting van die navorsingsmetode en 'n aanbied van die resultate van die navorsing. Ten slotte word die navorsingsresultate bespreek.

Kontekstuele agtergrond

Die sin van Vergelykende Opvoedkunde

In Suid-Afrika onderskei Berkhout en Bondesio (1992:17-21) tussen die volgende doelstellings van Vergelykende Opvoedkunde:

1. Beskrywingsgerigte doelstellings: Die onderwysstelsels van lande word beskryf, en sodoende word kennis van die onderwysstelsels van verskillende lande verwerf.
2. Verklaringsgerigte doelstellings: Terwyl beskrywing die vraag "Wat?" beantwoord, is verklaring daarmee gemoeid om die vraag "Waarom?" te beantwoord. Onderwysstelsels word vanuit hulle eksterne determinante verklaar en begryp.

3. Beheergerigte doelstellings: In dié geval is die intensie om probleme binne onderwysstelsels op te los. Beheergerigte doelstellings word in twee subtipes verdeel:
   - Voorspellingsgerigte doelstellings: Toekomstendense en -uitkomstes, insluitende die uitkomstes van bepaalde praktyke en hervormings binne die onderwysstelsel, word voorspel.
   - Ontwerpgerigte doelstellings: Veranderinge aan die onderwysstelsel word beplan.

Te oordeel aan besprekings by die Noord-Amerikaanse Comparative and International Education Society (CIES — die oudste, grootste en leidende Vergelykende Opvoedkunde-vakvereniging in die wêreld) word Noah (1986) se woord steeds oor die toepassing van Vergelykende Opvoedkunde vandag as finaal aanvaar. Noah (1986:153-165) meen dat Vergelykende Opvoedkunde begrip van die eie samelewing en onderwysstelsel verdiep, en van hulp kan wees met die beplanning en die verbetering van onderwysstelsels. Die bestudering van buitelandse onderwysstelsels toon dikwels dat eie onderswysprobleme nie uniek is nie, en sulke kennis is waardevol. Dit lei die student van Vergelykende Opvoedkunde om die onderwysstelsel se vormende kragte en faktore wat oor nasionale grense strek, te ondersoek.

'n Verdere waarde van Vergelykende Opvoedkunde is dat dit die student lei tot kennis van buite-nasionale invloede op onderwysstelsels. Baie lande se onderwysstelsels gebruik praktyke wat vanaf ander lande ingevoer is. Huidige Europese onderwysstelsels (byvoorbeeld komprehensiewe skole) kan nie begryp word sonder verwysing na modelle wat in die VSA ontwikkel is nie. Deur Europese en Amerikaanse koloniale aktiwiteite het sekere onderwysmodelle in groot dele van Afrika, Asië en Suid-Amerika gevestig geraak, waar hulle alle tekens van hardnekkige oorlewing toon.

Die huidige tydsgewrig wat gekenmerk word deur globalisasie en die prominente paradigma van postmodernisme, het opnuut aanleiding gegee tot 'n besinning oor die pragmatiese waarde van Vergelykende Opvoedkunde. Globalisering, wat vervaging van nasionale differensiasie impliseer, blyk met die eerste oogopslag 'n uitgediende wetenskap te maak van Vergelykende Opvoedkunde. Die gedagte onder leidende Vergelykende Opvoedkundiges (bv. Schriewer, 2000:3-52; Meyer & Ramirez, 2000 en Steyn, Wolhuter, De Wet, Berkhout & De Waal, 2003: 307-312) is dat Vergelykende Opvoedkunde, met sy sensitiwiteit vir die rol van (nasionale) konteks in die vormgewing van onderwysstelsels, optimaal geskik is om aan te dui hoe die prosesse van globalisasie vergestalting vind binne bepaalde kontekste, en hoe sodanige prosesse binne bepaalde nasionale kontekste benut kan word, dit is, die naboots van dit wat werk ten einde te voldoen aan die globaliserende post-modernistiese eise van toepaslikheid en mededingbaarheid. In die gees van die huidige filosofie van postmodernisme (met sy verwerping van metanarratiewe — Rust, 1996) word die rol van Vergelykende Opvoedkunde beskou as om individue se belewenisse van bepaalde samelewings — gekontekstualiseerde onderwysinrigtings en -situasies — te ekspliseer (bv. Broadfoot, 1999:27).

Vergelykende Opvoedkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite

Vergelykende Opvoedkunde het aan Suid-Afrikaanse universiteite 'n vastrapplek gekry toe dit aan die begin van die 1960s aan die histories swart en histories Afrikaanse universiteite ingestel is (aan die histories Engelsmedium wit universiteite het Vergelykende Opvoedkunde nog nooit prominent gefigureer nie). Daar kan twee moontlike verklarings daarvoor wees. Die histories Afrikaanse universiteite (en die histories swart universiteite wat hoofsaaklik deur akademici van histories Afrikaanse universiteite gestig is) se Opvoedkundefakulteite is gebou op die kontinentale model van departmente van Opvoedkunde-dissiplines. So 'n struktuur het die skep van Vergelykende Opvoedkunde-departemente wat 'n infrastruktuur vir Vergelykende Opvoedkunde

daargestel het vergemaklik. So 'n gunstige situasie het nie bestaan binne die histories Engelse universiteite met hulle kleiner getal onderwysstudente nie. Tweedens het Vergelykende Opvoedkunde gefungeer as wetenskaplike regverdiging vir die destydse regering se gesegregeerde onderwysbeleid. Die vak het sy plek gevind as een van 'n stel Opvoedkunde-deeldissiplines wat gestruktureer is rondom Fundamentele Pedagogiek as sentrale steunpilaar. Gevolglik het Vergelykende Opvoedkunde die doel gedien om die wesenstrekke van opvoeding en onderwys te onthul (Maarman, Weeks, Herman & Wolhuter, 2005) — 'n benadering wat moontlik ten beste geïllustreer word in die publikasie van HJS Stone (1981). Stone neem naamlik die Dooyeweerdse konsep van wetskringe/modaliteite en pas dit toe op onderwys: elke nasionale onderwysstelsel word dan gevorm deur 'n reeks van 16 samelewingsfaktore: ekonomie, sosiale struktuur, historiese faktor, politiek, ens.

Die onderwyshervorming van die ná-1994-tydperk het ook Vergelykende Opvoedkunde geraak. Die nuwe Uitkomsgebaseerde Onderwys en die Departement van Onderwys se Norme en Standaarde vir Onderwysersopleiding (Department of Education, 1998) het daartoe gelei dat die Opvoedkunde-deeldissiplines as basiese boustene vir onderwysersopleidingprogramme vervang is met programme waarvan die modules afgestem is op die sewe rolle van die onderwyser voorgeskryf deur die Departement se Norme en Standaarde vir Onderwysersopleiding. So het Vergelykende Opvoedkunde in Suid-Afrika die slagoffer geword, in ooreenstemming met die wêreldtendens, om die meer teoretiese kursusse in Opvoedkunde (soos Filosofiese of Vergelykende Opvoedkunde) in onderwysersopleidingsprogramme af te skaal of uit te faseer namate onderwysersopleiding toenemend verander in die toerusting van voornemende onderwysers in 'n reeks vaardighede en tegnieke (soortgelyk aan ambagsopleiding), eerder as die vorming van 'n kritiese insig of skoling in 'n akademiese/teoretiese begronding (Altbach, 1991:492; Schweisfurth, 1999:91; O'Sullivan, 2005:3).

Tans word Vergelykende Opvoedkunde of temas binne die veld van Vergelykende Opvoedkunde by ses Suid-Afrikaanse universiteite (Universiteit van Suid-Afrika, Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat, Noordwes-Universiteit, Universiteit van Zoeloeland en Universiteit van Venda) aangebied as deel van onderwysersopleidingsprogramme (BEd-graad). Hierdie temas staan onderskeidelik bekend as Struktuur van die Onderwysstelsel; Beginsels van Uitkomsgebaseerde Onderwys; Onderwysstelsel en Skoolbestuur; en die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel. Op BEd-honneursvlak is daar meer universiteite wat modules wat Vergelykende Opvoedkunde aanbied of modules wat handel oor temas wat binne die veld van Vergelykende Opvoedkunde val (sonder dat hulle onder die naam "Vergelykende Opvoedkunde aangebied word). Hierdie temas staan bekend as onderwysverandering: beleidskwessies binne die Suid-Afrikaanse onderwys; demokrasie en burgerleer; menseregte-onderwys; die konteks van skoolonderwys: identiteite en maatskaplike geregtigheid; demokrasie-onderwys; Vergelykende Opvoedkunde; onderwysstelsels; en vergelykende perspektiewe op onderwysaangeleenthede.

Verbandhoudende literatuur

So ver as wat vasgestel kon word, bestaan daar slegs een buitelandse beskikbare studie oor studente se belewing van Vergelykende Opvoedkunde, naamlik dié van O'Sullivan (2005) in Ierland. In dié studie is die belewenis van 24 studente deur middel van oop vraelyste en onderhoude gepeil. Dié studie het 'n oorweldigende gewildheid van Vergelykende Opvoedkunde onder studente bevind. Studente se motiverings van waarom hulle Vergelykende Opvoedkunde wou bestudeer was eerstens om hulle vermoë te ontwikkel om multikulturele klasse te onderrig, tweedens om hulle voor te berei om in die buiteland as onderwysers te werk en derdens om te

leer wat goed is in buitelandse onderwysstelsels met die oog daarop om dit te implementeer in Ierland. Studente het 'n groter waardering vir gebiedstudies en tematiese studies gehad, en ook vir die teoretiese begronding van Vergelykende Opvoedkunde.

Navorsingsmetode

Die kwantitatiewe navorsingsmetode van opnamenavorsing ("survey research") is gevolg. Dié metode is gekies omdat dit die insameling van idees van 'n groot hoeveelheid individue teen relatiewe lae koste moontlik maak (Black & Champion, 1970: 379). Dit is die rede waarvoor dié metode meer dikwels in die sosiale wetenskappe as enige ander metode gebruik word (*Ibid.*). Studente aan twee universiteite se belewenis van hulle Vergelykende Opvoedkundemodule is deur middel van vraelyste gepeil.

In die eerste geval het 245 finalejaar-onderwysstudente (die 245 was die totale klas finalejaar-onderwysstudente) aan die Universiteit van Zoeloeland hulle Vergelykende Opvoedkundemodule as geheel, asook 'n aantal van die onderwerpe wat in die kursus behandel is, geëvalueer op 'n vyfpunt-Likertskaal (wat gestrek het vanaf 1: absoluut waardeloos, tot 3: neutraal, tot 5: baie waardevol). Die geëvalueerde onderwerpe is onderwysbeleid; menseregte en onderwys; Vergelykende Opvoedkunde — teoretiese begronding en metodologie; die onderwysstelsel van Suid-Afrika; die onderwysstelsel van Engeland; en die onderwysstelsel van Kenia (Wolhuter, 2000). Ten slotte is respondente gevra om hulle evaluerings te motiveer en om aan te dui watter temas (nasionale onderwysstelsels) hulle graag by die module ingesluit sou wou hê. Min van die studente het wel hulle keuses gemotiveer.

Dieselfde vraelysstruktuur is voltooi deur 45 BEd-honneursstudente aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus (die 45 was die totale BEd-honneursklas wat die kursus gevolg het). In die betrokke Vergelykende Opvoedkundemodule is die volgende temas behandel: eienskappe van onderwysstelsels; eksterne determinante van onderwysstelsels; die onderwysstelsel van Maleisië, die onderwysstelsel van Meksiko, die onderwysstelsel van Suid-Afrika; en een-en-twintigste-eeuse maatskaplike tendense en die uitdagings wat dit aan onderwys stel.

Resultate

Die volgende Likertskaal is gebruik:

Absoluut waardeloos	Waardeloos	Neutraal	Waardevol	Baie waardevol
1	2	3	4	5

Die gemiddelde antwoorde van die studente aan die Universiteit van Zoeloeland op die vraag hoe hulle die Vergelykende Opvoedkundemodule as geheel beleef, asook hoe hulle elkeen van die temas van die module beleef, word in Tabel 1 aangedui.

Studente beleef die Vergelykende Opvoedkundemodule as geheel as waardevol (gemiddelde: 4.3). Die temas word ook almal, met die uitsondering van die onderwysstelsel van Kenia (wat as neutraal beleef word) as waardevol beleef.

Antwoorde op die vraag watter lande/temas hulle graag by die kursus ingesluit sou wou hê, asook motiverings vir keuses (in die gevalle waar studente gebruik gemaak het van die kolom om hulle keuses te motiveer) word in Tabel 2 aangedui.

Tabel 1 Gemiddelde antwoorde van studente aan die Universiteit van Zoeloeland oor hoe hulle die Vergelykende Opvoedkunde-module beleef (Antwoorde op 'n 5-punt Likertskaal wat strek vanaf 1: absoluut waardeloos tot 3: neutraal tot 5: baie waardevol)

Vergelykende Opvoedkunde-module as geheel	4.3
Onderwysbeleid	4.3
Menseregte en onderwys	4.0
Vergelykende Opvoedkunde: Filosofie en Metodologie	3.8
Die onderwysstelsel van Suid-Afrika	3.5
Die onderwysstelsel van Engeland	3.6
Die onderwysstelsel van Kenia	3.3

Tabel 2 Studente aan die Universiteit van Zoeloeland se Aanduiding van Onderwysstelsels/Temas wat hulle in die Vergelykende Opvoedkunde-module ingelsuit sou wou hê, asook hulle motiverings vir hulle keuses

Land	Getal studente	Motivering
V S A	50	voorspoed in die VSA
Japan	50	tegnologiese/industriële ontwikkeling
China	23	
Singapoer	13	tegnologiese ontwikkeling
Duitsland	12	tegnologiese ontwikkeling
Kuba	12	
Australië	10	voorspoed, uitkomsgebaseerde onderwys
Nigerië	10	
Swaziland	8	
Mosambiek	7	suksesvolle volwasse geletterdheidsveldtog
Zimbabwe	7	

Die volgende temas is vermeld:

Tema	**Getal respondente**
Uitkomsgebaseerde onderwys	13
Hoe om Suid-Afrikaanse onderwys te verbeter (probleembenadering: hoë druipsyfer in skole, rassisme in skole, geskoolde werkloosheid)	8
Plaaslike (KwaZulu-Natal) onderwysstelsel	3
Beroepsonderwys	3
Volwasse onderwys	1
Landelike onderwys	1
Onderwystegnologie	1
Regstellende aksie in onderwys	1
Gelyke onderwysgeleenthede	1
Onderwys aan swart Amerikaners	1

Die Vergelykende Opvoedkunde-module as geheel, sowel as elkeen van die temas (onderwysbeleid, onderwys as mensereg; Vergelykende Opvoedkunde: filosofie en metodologie) is hoër gegradeer as gebiedstudies. Op grond daarvan, asook op grond van die temas wat studente graag by die kursus ingesluit sou wou hê, kom dié studie tot die gevolgtrekking dat 'n saak uitgemaak kan word vir die oorweging van die moontlikheid om die idiografiese gebiedstudie: Suid-Afrika te vervang met 'n probleembenadering: vergelykende perspektiewe op probleme wat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel ondervind, byvoorbeeld die hoë druipsyfer in skole, of vergelykende perspektiewe op Uitkomsgebaseerde Onderwys. Verder kan aandag gegee word aan die vervanging van China of Kenia as gebiedstudie, met die VSA, Japan of Duitsland.

Op dieselfde Likertskaal:

Absoluut waardeloos	Waardeloos	Neutraal	Waardevol	Baie waardevol
1	2	3	4	5

is die beoordelings van die studente van Noordwes-Universiteit gepeil. Die gemiddelde antwoorde van die studente van Noordwes-Universiteit verskyn in Tabel 3.

Tabel 3 Gemiddelde antwoorde van studente aan Noordwes-Universiteit oor hoe hulle die Vergelykende Opvoedkunde-module beleef (Antwoorde op 'n 5-punt Likertskaal wat strek vanaf 1: absoluut waardeloos tot 3: neutraal tot 5: baie waardevol)

Vergelykende Opvoedkundekursus as geheel	4.2
Eienskappe van onderwysstelsels	4.0
Eksterne determinante van onderwysstelsels	4.4
Onderwysstelsel van Maleisië	3.5
Onderwysstelsel van Meksiko	3.5
Onderwysstelsel van Suid-Afrika	4.4
21ste-eeuse samelewingstendense en die implikasies daarvan vir onderwysvoorsiening	

Antwoorde op die vraag watter lande/temas hulle graag by die module ingesluit sou wou hê, asook die motiverings van studente wat hulle keuses gemotiveer het, word in Tabel 4 aangetoon.

Tabel 4 Studente aan Noordwes Universiteit se Aanduiding van Onderwysstelsels/Temas wat hulle in die Vergelykende Opvoedkunde-module ingesluit sou wou hê, asook hulle motiverings vir hulle keuses

Land	Getal studente	Motivering
V S A	11	
Botswana	7	
Engeland	6	
Japan	6	tegnologies ver gevorderd — kan van hulle leer
Australië	4	hantering van inboorlinge deur Australiese regering. Ontwikkelde land
Afrikalande	3	kennis van Afrika-getoetsde oplossings vir Suid-Afrikaanse onderwysprobleme
Zimbabwe	3	
Lesotho	3	
Kuba	3	

Tema:

- hoër onderwys
- onderwysbeleidstudies
- onderwystransformasieproses in Suid-Afrika vergelyk met ander lande wat soortgelyke oefening ondergaan het
- kurrikulumhervorming en die implementering daarvan
- meer oor die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, ten einde die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beter te begryp.

Bespreking

Studente aan albei die universiteite waar die ondersoek uitgevoer is, ervaar die studie van Vergelykende Opvoedkundemodule as sinvol. Dit is ook in ooreenstemming met die bevinding van navorsing onder onderwysstudente in Ierland, waarna in die literatuuroorsig verwys is. 'n Anomalie in die nuwe onderwysopleidingsbedeling in Suid-Afrika is die afwesigheid van inspraak van onderwysstudente in die ontwerp van die bedeling — terwyl demokratisering juis een van die hoekstene van die nuwe onderwysbedeling is (Wolhuter, 1999:367-370). Die resultate van die navorsing vereis 'n herbesinning van die voortdurende afskaling van Vergelykende Opvoedkunde binne onderwysersopleidingsprogramme en binne nagraadse Opvoedkundeprogramme.

Ten einde Vergelykende Opvoedkundemodules sinvoller vir studente te maak, kan 'n klemverskuiwing vanaf gebiedstudies na tematiese studies oorweeg word. Voorts kan die aanbieding van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel as 'n kliniese idiografiese studie vervang word met 'n probleemgerigte benadering, waar probleme/brandpunte binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel belig word vanuit buitelandse perspektiewe. Studente se belewing sluit aan by die pragmatiese aanslag van hedendaagse onderwysersopleidingprogramme (wat weer verband hou met 'n postmoderne, post-Fordiaanse benadering van "net-betyds" beantwoording aan behoeftes ter wille van onmiddellike bruikbaarheid), en by die sin van Vergelykende Opvoedkunde, soos hierbo onder die bespreking van die kontekstuele agtergrond uiteengesit, naamlik ten einde dinge "beter te doen" , ten aansien van mededingbaarheid op wêreldmarkte , moet wat blyk suksesvol te wes in die buiteland, gebruik word in die binnelandse konteks.

In soverre daar wel gebiedstudies in kurrikula ingesluit word, behoort twee van die kriteria die volgende te wees:

- lande wat 'n aanskouingsles inhou vir Suid-Afrika se huidige onderwysprojek;
- invloedryke lande in die hegemonie van die huidige internasionale orde (hier word veral aan die VSA gedink). In dié verband sluit studente se belewenis weereens aan by die konseptualisering van die nut van Vergelykende Opvoedkunde (*cf.* Noah se siening, soos uiteengesit hierbo onder kontekstuele agtergrond).

'n Opmerklike verskil tussen Suid-Afrikaanse studente en die studente in Ierland, waarna in die literatuuroorsig verwys is, is eersgenoemde se voorkeur vir die teoretiese en metodologiese begronding van Vergelykende Opvoedkunde. Ook hierdie verskil kan moontlik vanuit 'n pragmatiese hoek verklaar word. Onderwysersopleidingprogramme en nagraadse Opvoedkundeprogramme van Suid-Afrikaanse universiteite is tradisioneel volgens die kontinentale model, en albei het die basiese Opvoedkunde-deeldissiplines as basiese boustene en Fundamentele Pedagogiek as sentrale steunpilaar, soos verduidelik is hierbo in die beskrywing van die kontekstuele agtergrond. As deel van so 'n struktuur is die teoretiese begronding van Vergelykende Opvoedkunde van kardinale belang. Met die beweging na 'n meer pragmaties georiënteerde onderwysopleidingsbedeling sal dit interessant wees om na enkele jare dié oefening van die ondersoek na Suid-Afrikaanse studente se belewing van Vergelykende Opvoedkunde te herhaal.

Verwysings

Altbach PG 1991. Trends in Comparative Education. *Comparative Education Review*, 35:491-507.

Berkhout SJ & Bondesio MJ 1992. Die ontwikkeling van Vergelykende Opvoedkunde. In: Berkhout SJ & Bondesio MJ (reds). *Onderwysstelselkunde perspektiewe.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Black JA & Champion DJ 1970. *Theories and Issues of Social Research.* New York: John Wiley & Sons.

Broadfoot P 1999. Not so much a context, more a way of life? Comparative Education in the 1990s. In: Alexander R, Broadfoot P & Phillips D (eds). *Learning from Comparing: new directions in Comparative Educational research.* Wallingford: Symposium Books, 21-31.

Department of Education 1998. *Norms and Standards for Educators (Technical Committee on the Revision of*

Norms and Standards for Educators). Pretoria: Department of Education.
Maarman RFA, Weeks SG, Herman HD & Wolhuter CC 2005. SACHES, Comparative and International Development Education in Southern Africa. Paper presented at the *2005 SACHES, Southern African Comparative Education and History of Education Conference*, University of Dar Es Salaam, Tanzania, 18-19 September 2005.
Meyer J & Rairez FO 2000. The world institutionalisation of education. In: Schriewer J (ed.). *Discourse formation in Comparative Education*. Frankfurt-aAm-Main: Peter Lang, 111-130.
Noah HJ 1986. The use and abuse of Comparative Education. In: Altbach PG & Kelly GP (eds). *New Approaches to Comparative Education*. Chicago: The University of Chicago Press.
Ornstein C & Hunkins FP 1998. *Curriculum Foundations: Principles and Issues*. Boston: Allyn & Bacon.
O'Sullivan MC 2005. Comparative and International Education in Initial Teacher Education: an Irish case study. Paper presented at the *8th UKFIET International Conference on Education and Development*, 13-15 September, Oxford, UK
Rust VD 1996. From Modern to Postmodern Ways of Seeing social and Educational Change. In: Paulston RG (ed.). *Social Cartography: Mapping Ways of Seeing Social and Educational Change*. New York: Garland.
Schriewer J (ed.) 2000. Comparative Education methodology in transition: towards the study of complexity. In: Schriewer J (ed.). *Discourse Formation in Comparative Education*. Frankfurt-am-Main: Peter Lang.
Schweisfurth M 1999. Resilience, resistance and responsiveness: Comparative and international education at United Kingdom universities. In: Alexander R, Broadfoot P & Phillips D (eds). *Learning from Comparing: new directions in Comparative Educational research*, *volume I Contexts, classrooms and outcomes*. Oxford: Symposium Books.
Steyn SC, Wolhuter CC, De Wet NC, Berkhout SJ & De Waal EAS 2003. Uitdagings vir Vergelykende Opvoedkunde: alles vir almal en verstaan van die ander. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde,* 23:307-312.
Stone HJS 1981. *Gemeenskaplikheid en diversiteit: 'n Profiel van Vergelykende Opvoedkunde*. Johannesburg: McGraw-Hill.
Weeks SG, Herman HD, Maarman RF & Wolhuter CC 2006. SACHES and Comparative and International Development Education, *Southern African Review of Education*, 12:1-30.
Wolhuter CC 1999. Sociaal-wetenschappelijke literatuur over onderwijs in Zuid-Afrika: van verzuiling tot eensgezindheid vanuit verscheidenheid. *Pedagogische Studiën* (Nederland), 76:361-370.
Wolhuter CC 2000. A Comparative Education course: Experiences and views of students at a South African university. Paper presented at the *2000 Comparative and International Education Society (CIES) Annual Conference*, San Antonio, Texas. In: ERIC database, http://erricit.syr.edu/ERIC/